

VRYSTAAT HOë HOF, BLOEMFONTEIN
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Appèlnommer: A244/2014

In die appèl van:

MONGEZI KLEINBOY MOTSHESANE

Appellant

en

DIE STAAT

Respondent

CORAM: MOCUMIE,J *et* S J REINDERS (Wnd.)

AANGEHOOR OP: 2 MAART 2015

GELEWER OP: 12 MAART 2015

UITSPRAAK DEUR: REINDERS S J (Wnd.)

- [1] Die appellant is in die Streekhof te Viljoenskroon skuldig bevind op 'n aanklag van verkragting. Hy het op 5 Julie 2012 onskuldig gepleit op die ten laste gelegde aanklag maar is hy op 28 Augustus 2012 skuldig bevind. Op 28 Augustus 2012 is hy gevonnissen tot lewenslange gevangenisstraf.
- [2] Met verlof van hierdie Hof, appelleer die appellant slegs teen die opgelegde vonnis. Die relevante gedeelte van die klagstaat lees dat die beskuldigde wederregtelik en opsetlik

en sonder toestemming 'n handeling van geslagtelike penetrasie gepleeg het. Na die aanhoor van getuienis het die Streeklanddros die beskuldigde skuldig bevind “soos aangekla”.

[3] Tydens vonnisoplegging het die Landdros bevind:

“... dat waar 'n persoon meer as een keer verkrag word deur sy aanvaller ... daar 'n minimum vonnis van lewenslank (is) wat die Hof moet opleê ...”

[4] Op appèl is voor ons aangevoer dat die Verhoorlanddros in hierdie opsig fouteer het en dat die getuienis nooit as enigste redelike afleiding regverdig het dat die klaagster deur die appellant meer as een keer verkrag is nie. In die verband lees die rekord as volg:

“Nou sê bietjie vir ons wat bedoel u hy hou gemeenskap met u, wat het hy presies gedoen? – Hy het met my aller dinge gedoen, my ook seer gemaak want hy het met my die hele aand lank geslaap, eers die oggend het hy weggeloop...

Nou deur die nag, hoeveel keer het hy gemeenskap met u gehou? – Dit was die hele aand gewees en hy het my seergemaak en het ook na my gesig getrek. Hy het ... ons het nooit geslaap daardie aand nie. Hy was besig met my die hele aand.”

[5] Ek is nie van oordeel dat hierdie getuienis bo redelike twyfel meermalige penetrasies en/of verkragtings daarstel soos bedoel in die wet nie. Inteendeel, het die klaagster eenvoudig nie so getuig nie. Indien die staatsaanklaer

meerdere verkrachtings wou bewys, kon hy die klaagster meer volledig hieroor uitgevra het. Hy het nie so gedoen nie, en het sy ook nie getuig dat sy meermale verkrag is nie. Selfs by wyse van afleiding sou die toets neergelê deur Watermeyer (soos hy toe was) in **R v Blom** 1939 AD 188 te 202 – 203 nie meerdere verkrachtings (soos bedoel in die wet) as enigste redelike afleiding regverdig nie. Vergelyk ook: **R v Sole** 2004 (2) SASV 599 LesHC te 664 H – 666 I. Daarbenewens het die klagstaat soos geformuleer die appellant ten laste gelê “’n *handeling van geslagtelike penetrasie*” en is die appellant dienooreenkomstig slegs so skuldig bevind – dit wil sê aan ‘n enkele verkrachting.

[6] Tydens vonnisoplegging verklaar die verhoorhof ook as volg:

“Die wet (bepaal) dat waar ‘n persoon meer as een keer verkrag word deur sy aanvaller of waar ‘n persoon, dit is die slagoffer as gevolg van sy weerloosheid die onderwerp word of misbruik word dan is daar ‘n minimum vonnis van lewenslank ...”

Bylaag 2 van deel 1 van die tersaaklike wet verwys egter na liggaamlik gestremde persone en nie persone wat in die algemeen weerloos is nie.

[7] Ek is dus van oordeel dat die Hof fouteer het deur te bevind het dat die minimum voorgeskrewe vonnis soos bedoel in Artikel 51(1) van die wet toepaslik is.

[8] Vir daardie rede moet die appèl teen die opgelegde vonnis slaag. Omdat al die tersaaklike feite en omstandighede voor

hierdie Hof is daar geen nodigheid om die aangeleentheid terug te verwys na die Verhoorlanddros nie, en kan hierdie Hof 'n gepaste vonnis oplê.

- [9] Ek is van oordeel dat die minimum tersaaklike vonnis hier tersaaklik die vonnis is soos voorgeskryf in Artikel 51(2)(b) te wete tien (10) jaar gevangenisstraf.
- [10] Die appellant se persoonlike omstandighede is dat hy 38 jaar oud is en ongetroud is met twee (2) minderjarige kinders. Die kinders word egter deur sy swaer versorg. Hoewel hy van tyd tot tyd stukwerk verrig het is hy in werklikheid werkloos en het hy nie enige skolastiese opleiding gehad nie. Die rekord toon aan dat die appellant vanaf 7 April 2012 reeds in aanhouding is. Hoewel hy geen vorige veroordelings vir verkragting het nie is hy op 23 Oktober 2003 skuldig bevind aan aanranding en op 21 Junie 2004 aan diefstal waarvoor hy agt (8) maande gevangenisstraf opgelê is in terme van die bepalings van Artikel 276(1)(i) van die Strafproseswet. Vir doeleindes hiervan kan hy dus as 'n eerste oortreder beskou word.
- [11] As verswarend is dit so dat die klaagster 'n bejaarde dame is (die rekord toon nie haar presiese ouderdom aan nie maar is die aanduidings dat sy byna 80 jaar oud is) en dat sy in die veiligheid van haar woning verkrag is. Sy was 'n weerlose slagoffer gewees en hoewel sy nie permanente beserings opgedoen het nie, het sy moeilik geloop as gevolg van die voorval en was haar spraak ook aangetas. Die appellant

was 'n buurman van die klaagster en het hy kaal onderlyf by die klaagster se woning opgedaag.

- [12] In **S v Vilakazi** 2009 (1) SASV 552 HHA te par [57] word verklaar:

“I think it must be accepted that no one, and least of all a child, would be left unscathed by sexual assault, and that in this case the complainant must indeed have been traumatized ...”

- [13] Mahomed (Hoofregter: soos hy toe was) in **S v Chapman** 1997 (2) SASV 3 HHA te par [5] bevind as volg:

“Rape is a very serious offence constituting as it does a humiliating, degrading and brutal invasion of the privacy, the dignity and the person of the victim. The rights to dignity, to privacy and integrity of every person are basic to the ethos of the constitution and to any defensible civilization. Women in this country are entitled to the protection of these rights. They have a legitimate claim to walk peacefully on the streets, to enjoy their shopping and their entertainment, to go and come from work, and to enjoy the peace and tranquillity of their homes without the fear, the apprehension and the insecurity which constantly diminishes the quality and enjoyment of their lives.”

- [14] In **S v Ncheche** 2005 (2) SASV 386 (W) te 395 H word dit as volg gestel:

“Rape is an appalling and utterly outrageous crime, gaining nothing of any worth for the perpetrator and inflicting terrible and horrific suffering and outrage on the victim and her family. It threatens every women, and particularly the poor and vulnerable ... A

woman's body is sacrosanct and anyone who violates it does so at his peril and the legislature and the community at large, correctly expect our Courts to punish rapists very severely."

- [15] Die voorgeskrewe minimum vonnis hierin tersaaklik is tien (10) jaar gevangenisstraf tensy ek wesentlike en dwingende omstandighede kan bevind wat regverdig dat ek van daardie vonnis afwyk. In **S v Malgas** 2001 (1) SASV 469 (HHA) te par [25] word die volledige benadering wat 'n Hof in hierdie omstandighede moet volg uiteengesit. Vir doeleindes hiervan verwys ek slegs na die volgende:

"Courts are required to approach the imposition of sentence conscious that the legislature has ordained life imprisonment (or the particular prescribed period of imprisonment) as the sentence that should ordinarily and in the absence of weighty justification be imposed for the listed crimes in the specified circumstances.

Unless there are, and can be seen to be, truly convincing reasons for a different response, crimes in question are therefore required to elicit a severe, standardized and consistent response from the Courts.

The specified sentences are not to be departed from lightly and for flimsy reasons..."

- [16] Ek kan geen wesentlike en dwingende omstandighede vind wat my regverdig om af te wyk van die voorgeskrewe vonnis nie. Selfs al sou daar geen voorgeskrewe vonnis gewees het nie, sou ek van oordeel gewees het dat 'n gepaste vonnis in ieder geval tien (10) jaar gevangenisstraf sou wees.

[17] Gevolglik maak ek die volgende bevele:

17.1 Die skuldigbevinding word bekragtig maar die opgelegde vonnis word tersyde gestel en vervang met die volgende:

17.1.1 tien (10) jaar gevangenisstraf in terme van Artikel 276(1)(B) van die Strafproseswet 51 van 1977;

17.1.2 in terme van Artikel 103 van die Wet op die Beheer van Vuurwapens, Wet 60 van 2000 word die beskuldigde onbevoeg verklaar om 'n vuurwapen te besit.

Die bovermelde vonnis moet geag word opgelê te gewees het op 28 Augustus 2012.

S. J. REINDERS (Wnd.)

Ek stem saam.

B.C. MOCUMIE, R

On behalf of appellant: Mr D. Reyneke
Instructed by:
Legal Aid
BLOEMFONTEIN

On behalf of respondent: Adv S. Chalale
Instructed by:
State Attorney
BLOEMFONTEIN